LIMPOPO DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
LAERSKOOL WARMBAD

INSTRUKSIES:Skryf jou **naam** en **van** op elke antwoordblad en jou **nommer**

1. Voltooi al die vrae.
2. Lees die vrae behoorlik deur voordat jy dit antwoord.
3. Jy kry 5 minute om die vraestel deur te lees. Moenie gedurende hierdie tyd skryf nie.
4. Antwoorde moet op die antwoordblad geskryf word.
5. Skryf duidelik en netjies. Nommers moet dieselfde wees as op die vraestel.
6. Trek 'n streep **na elke vraag**.
7. Spelling tel!
8. Jy moet al die vrae antwoord! Moet asseblief **nie** op die vraestel skryf nie!

SUMMATIEWE ASSESSERING

LEERAREA:	**AFRIKAANS HT**
GRAAD:	6 (Me. C Enslin)
MODERATOR:	Me. A Botha
TYD:	minute
PUNTE:	50
DATUM	4 JUNIE 2014

VLAK 1	**40%**
VLAK 2	**30%**
VLAK 3	**20%**
VLAK 4	**10%**

NAAM EN VAN: .....
GRAAD: 6 L S W

AFDELING A : BEGRIP

Lees die onderstaande verslag oor diere met wapenrustings aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Skilddraers : diere met hul eie wapenrustings

Gepantserde diere het uitwendige skelette, doppe of skulpe wat as beskerming dien teen hulle natuurlike vyande. Doppe of skulpe word gewoonlik gevorm deur uitgroeisels, afskeidings of liggaamweefsel wat verhard het. Dit kan mineraalafskeidings, been, keratien of chitien wees. Soms gebruik diere hul "wapenrusting" om hulself te beskerm, soos hul skulpe of doppe en ander diere gebruik hul "wapenrusting" : om aan te val, soos horings of kloue.

Skubberige miervreters

Hierdie soogdier kan tot 100 cm lank word en het 'n skerp snoet en lang stert. Skubberige miervreters is nagdiere en gebruik hul goed aangepaste reuksintuig om prooi (insekte) op te spoor. Hierdie miervreters het groot plaatagtige, harige skubbe wat uit keratien bestaan. Dié keratienskubbe kom net by die skubberige miervreter voor. Hy rol himself in 'n bondeltjie op wanneer hy bedreig voel en die skubbe vorm dan 'n skild wat hom beskerm. Skubberige miervreters het ook skerp kloue en gee 'n slegte reuk af as hulle bang is of bedreig voel. Hulle het egter glad nie tande nie, maar gebruik hulle kloue om miershope oop te breek waarna hulle die miere met hul lang, taai tonge bykom!

Skilpaaie

'n Mens kry twee soorte skilpaaie, naamlik landskilpaaie (met bene) en seeskilpaaie (met vinpote). Die landskilpad is 'n reptiel wat 'n inwendige- en uitwendige skelet het. Skilpaaie kan tot 2 m lank word en is aktief in die dag. Hierdie diere kan tot 150 jaar oud word. Albei soorte skilpaaie beskerm hulself teen vyande deur middel van 'n harde, uitwendige dop waarin hul terugtrek as daar moeilikheid is. Die dop bestaan uit twee dele. Die boonste deel word die skaal genoem en die onderste deel word die plastron genoem. Die twee lae word deur 'n deel verbind wat 'n brug genoem word. Landskilpaaie kom voor in verskillende habitats wat wissel van droë woestynareas tot oop vlaktes. Seeskilpaaie hou baie van water en vogtige areas. Landskilpaaie is herbivore en hou van gras, blomme, blaargroente en selfs sekere vrugte. *Hoezit*, Januarie 2011

Vrae

1. Wat, lei jy af, beteken die woord “gepantser”? (1)
2. Waaruit bestaan die doppe van gepantserde diere? (3)
3. Waarvoor gebruik diere hierdie wapenrustings? Noem twee dinge. 2)
4. Hoekom is dit belangrik dat die skubberige miervreter goed kan ruik? (1)
5. Wat doen die skubberige miervreter wanneer hy bedreig voel? (2)
6. Wat is ‘n ooglopende verskil tussen land- en seeskilpaaie? (1)

Is die onderstaande stellings waar of onwaar? Staaf jou antwoord indjien jy op onwaar besluit.

7. Die landskilpad is aktief gedurende die nag. (1)
8. Skilpaaie kan tot 15 dekades lank leef. (1)
9. Landskilpaaie eet graag insekte. (1)
10. Die skubberige miervreter gebruik sy tande om miershope oop te breek. (1)
11. Kan jy aan nog ‘n dier dink wat met ‘n wapenrusting leef? (1)
12. Haal vyf samestellings uit die leesstuk en skryf hulle neer. (5)

[20]

AFDELING B : TAALSTRUKTUUR EN -KONVENSIES

Beantwoord die onderstaande vrae.

1. Skryf sinonieme vir die onderstaande woorde neer. Die sinonieme is almal in die leesstuk. (4)
   a. slegs
   b. sommige
   c. geraamte
   d. partykeer

2. Skryf antonieme vir die onderstaande woorde neer. Die antonieme is almal in die leesstuk. (4)
   a. uitwendige
   b. skerp
   c. bang
   d. lang

3. Die onderstreepte woorde in die volgende sinne is homonieme. Maak ‘n sin met die woord sodat nog ‘n betekenis na vore kom. (2)
   a. Gepantserde diere het uitwendige skelette, doppe of skulpe wat as beskerming dien teen hulle natuurlike vyande.
   b. Skilpaaie kan tot 2 m lank word en is aktief in die dag.

4. Kies die regte homofoon en maak ‘n sin met die oorblywende homofoon om ‘n verskil in betekenis te wys. (2)
   a. Hy rol homself in ‘n bondeltjie op wanneer hy bedreig voel en die skubbe vorm dan ‘n skild / skuld wat hom beskerm.
   b. Hulle het egter glad nie tande nie, maar / maer gebruik hulle kloue om miershope oop te breek waarna hulle die miere met hul lang, taai tonge bykom!

5. Skryf die onderstaande woorde oor en onderstreep die basisvorme: (2)
   a. aangepaste
   b. moeilikheid

6. Voeg ‘n gepaste voorvoegsel by die onderstaande woorde om ’n afleiding te vorm. (2)
   a. dreig
   b. bruik

7. Voeg ‘n gepaste agtervoegsel by die onderstaande woorde om ‘n afleiding te vorm. (2)
   a. lief
   b. sing

8. Skryf die regte vorm van die woord in hakies neer. (2)
   a. In die (vroeg) môre kom al die skilpaaie uit.
   b. Die skilpad het al in die (rond) geloop.

9. Watter samestellings vorm die onderstaande woorde? (3)
   a. Suid + Afrika =
   b. plat + land =
   c. ses + uur =

10. Onderstreep die bywoord in die onderstaande sinne. (2)
   a. Seeskilpaaie hou baie van water en vogtige areas.
   b. Skilpaaie kan tot 2 m lank word en is aktief in die dag.

11. Onderstreep die byvoeglike naamwoorde in die onderstaande sin. (2)
   Hierdie soogdier kan tot 100 cm lank word en het ‘n skerp snoet en lang stert.

12. Voeg die onderstaande sinne bymekaar met die voegwoorde in hakies. (2)
   a. Skilpaaie het ‘n wapenrusting. Hulle het beskerming nodig. (aangesien)
   b. Skilpaaie staan bekend as gepantserde diere. Hulle het ‘n dop. (omdat)

13. Is die onderstaande sinne enkelvoudige sinne of saamgestelde sinne? (2)
   a. Die twee lae word deur ‘n deel verbind wat ‘n brug genoem word.
   b. Die boonste deel word die skaal genoem en die onderste deel word die plastron genoem.

14. Beantwoord die onderstaande sinne in die onkennende vorm. (2)
   a. Het jy al ooit ‘n skilpad gesien?
   b. Het die skilpad iets gekry om te eet?

15. Skryf die onderstaande sinne oor in die direkte rede. (2)
   a. Die wildbewaarder het gesê dat ons daardie dag ‘n skilpad gaan sien.
   b. Die wildbewaarder vra of die miervreter tande het.

16. Skryf die onderstaande sinne oor in die indirekte rede. (2)
   a. Pieter sê: “Ek wil ook ‘n skilpad sien.”
   b. Jan vertel: “Miervreters is ook nagdiere.”

17. Wat beteken die onderstaande idiome? (2)
   a. Die appel val nie ver van die boom af nie.
   b. Iemand se lewe is op die spel.

18. Kyk na die onderstaande sinne en beantwoord die daaropvolgende vrae: (3)

18.1 **Skilpaaie eet graag blare en vrugte.**

a. Skryf die onderwerp van die sin neer.
b. Skryf die gesegde neer.
c. Skryf die voorwerp neer.

18.2 **Miervreters het skerp kloue en gee 'n slegte reuk af** (3)

a. Skryf die onderwerp van die sin neer.
b. Skryf die gesegde neer.
c. Skryf die voorwerp neer.

19. Skryf die onderstaande afkortings voluit. (5)

a. Pk.
b. d.w.s
c. km.
d. mnr.
e. nm.

TOTAAL : 50